**Reeks:** *Keeping Love...*
**Titel:** ...Geboorte en Dood van Romantiek?
**Prediker:** Johan Geyser
**Datum:** 14 Augustus 2011

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

---

Kom ons lees vanoggend saam uit Genesis uit. Ook het die Here God gesê dis nie goed dat die mens alleen is nie, Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas. Toe het die Here God 'n diepe slaap op die mens laat val, en terwyl hy slaap het Hy een van sy ribbebene geneem en die plek daarvan met vlees toegemaak, en die Here God bou die rib... Hy van die mens... die ribbebeen van die mens geneem het tot 'n vrou en bring haar na die mens toe, toe sê die mens, dit is nou eintlik been van my gebeente en vlees van my vlees.

Sy sal mannin genoem word, want dit... want sy is uit die man geneem, daarom sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle sal een vlees wees, en hulle is altwee naak, die mens en sy vrou, maar hulle het hulle nie geskaam nie. Aan die vrou het hy gesê ek sal grootliks vermeerder jou moeite en jou swangerskap, met smart sal jy kinders baar, en na jou man sal jou begeerte wees, en hy sal oor jou heers.

Romantiese liefde, dis iets groots wat met n mens gebeur. As jy verlief raak, liefde vind, in liefde val verander jou wêreld. Empiries is dit bewys dat sintuiglike waarneming verskerp en verhoog. Mense lyk vriendeliker, kos proe lekkerder, kleure staan helderder uit, reuke, aangename reuke val jou op wat jou voorheen nie opgeval het nie, maar die grootste verandering in seker die verandering wat binne in 'n mens plaasvind.

Jy is meer optimisties, jy voel beter oor die lewe. Dis asof die lewe meer sin het vir jou. Jy het meer energie. Jy is in staat om plaasvervangende vorme van plesier op te gee, die bottel, die naald, die pil en ander aktiwiteite, baie oortyd te werk en jou werk te verloor maak skielik nie soveel sin nie. Die lewe is baie meer as dit sê jy wanneer jy verlief is, en 'n mens wonder nou net hoekom is dit. Wat gebeur met 'n mens as dit met jou gebeur?

Wel, daar is... fisiologies en psigies is daar prosesse wat aan die gang gesit word. Fisiologies byvoorbeeld skei jou brein neurotransmitters dopamien, seratonien, norepeneferien af baie meer as wat hy gewoonlik afskei, weens 'n onverklaarbare rede, iets wat nou gebeur het, gebeur dit met jou brein, en as gevolg van die afskeiding van hierdie neurotransmitters het jy hierdie euforiese gevoelens, dan gaan dit gepaard met al hierdie goed wat nou beskryf is.

Psigologies skuif jou ego grense. Ego grense is innerlike grense wat almal van ons het. As 'n kind word jy gebore sonder ego grense. Jy het ook nie fisiese grense nie. Alles is een as jy gebore word. As jy jou been beweeg beweeg die wêreld. Jou ma is jy, jy is jou ma, alles is een, en dan begin daardie proses van differensiasie. Eers word jou fisiese grense vasgelê, en hier op 18 maande begin jy jou te beleef as 'n aparte mens. Identiteitsvorming begin plaas te vind.

Jy het nie identiteit gehad nie, en dis hoekom die kinders in terrible twos ingaan: ek, myne, los uit, jy weet, dis deel van daardie ding van 'n aparte mens, en dan natuurlik moet jy begin om jou psigiese grense te bepaal. Waar lê my power, hoeveel mag het ek, hoeveel krag het ek, en dit is hoekom kinders in daardie stadium op hierdie verbeeldingsvlugte kan gaan, kan fantaseer, ek is Superman, nê, en ek kan vlieg, ek kan enige iets doen. Jy gaan klim op die dak, ek kan vlieg, jy weet, jou ego grense is nog nie vasgestel nie, dis nog nie bepaal nie.

Jy spring van die dak af, eina. Jy breek jou arm. Jy is hospitaal toe. Dis reality. Ek is nie almagtig nie. Ek kan nie vlieg nie. Ek kan nie... ek maak so en dan werk alles uit nie, jy weet, en dis natuurlik wonderlik, kinders op daardie stadium, nê, pa's, as jy by die robot stop, kyk, ek gaan die robot toor. Ons staan nou te lank, gee my net 'n kans, ek gaan hom groen maak. Daarsy, groen! Kom, daar gaan ons. Wow! Nê, dis wonderlik, kinderopvoeding in daardie fase, want dit help die vader se ego ongelooflik, daardie fase, jy weet.

Die probleem is die grense bly nie vir altyd nie, dis nie real nie, en dis een van die goed, wanneer jy verlief raak dan collapse die ego grense, en daar is vier. Hierdie fenomeen het vier groot eienskappe. Is eers die fenomeen van erkenning, dit is ek ken jou. Ek ken jou verskriklik goed. Al het ons mekaar net twee weke terug ontmoet, ek ken jou verskriklik goed.


**© 2011 Mosaïek**

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

Saam met hierdie fenomeen is die fenomeen van tydloosheid. Dit voel vir my asof ek jou al vir jare ken. Dit voel vir my asof jy nog altyd in my lewe was, en obviously voel dit vir my jy gaan altyd in my lewe bly en niks gaan hierdie ding wat daar tussen ons nou is kan verander nie want die ego grense tussen ons het collapse, en daarom beleef jy ook daardie selfde gevoelens van eenheid, en dis die ander eienskap, dis is 'n vereniging, dis fenomeen van vereniging, dat ons is een. Dit waarna ek my hele lewe gesoek het het ek nou gevind. My soektog het tot 'n einde gekom.

Ek het dit ook nooit besef nie, maar ek het eintlik na jou gesoek in my lewe, en nou beleef jy, net soos die outjie wat nog nie heeltemal sy ego grense bepaal het nie, dat ek is een, alles is een, ek is een met jou. Jy het daardie selfde gevoelens van omnipotence, van almagtigheid. Niks kan ons oorwin nie. Niks sal hierdie liefde van ons ooit kan verander nie, nê, en dan... en saam met dit is hierdie fenomeen van afhanklikheid. Ek sal nie sonder jou kan nie. Ek wil nie meer sonder jou nie want jy het vir my... jy het my kom heelmaak. Jy het my kom volledig maak, dit is... ons het... jy is my soulmate. Dis ten diepste die belewenis van verliefd wees.

Nou, daar is baie teorieë oor hoekom dit met ons gebeur. In die biologie sê mense dis geneties, dit gaan oor die oorlewing van ons menslike geslagte. Die natuur trick ons in hierdie ding in, anderster sou daar dalk nooit kinders kom nie, as ons te nugter en te... net met ons verstand in hierdie ding sou wou ingaan, en dit is hoekom ons kan verklaar hoekom 'n 50 jarige man verlief raak op 'n 25 jarige meisie en sy verlief is op hom. Jy weet, dit gaan oor die man is die alfa male, die vrou soek een wat kan baie kos huis toe bring, wat haar bietjie oorwin het en wat sy plek gemaak het, en die man soek iemand wat vrugbaar is en wat mooi is en... jy weet, en so dis hierdie daardie matches plaasvind.

Jy weet, in die sielkunde sê hulle, nee, exchange... jy weet, daar is ander redes ook, dis darem nie net so oppervlakkig nie. Dis darem nie net fisies nie. 'n Mens kyk ook iemand wat compatible, is, met wie jy kan intellektueel ontmoet, jy weet, wat so half op jou level is, so dit kyk bietjie breër na hierdie hele verskynsel van hoekom ons connect, en die sielkunde en die persona teorie sê nee, jy kies eintlik iemand wat jou goed laat voel en wat jou goed laat lyk, so as sy my laat sleg lyk by my vriende en by my... nee, ons is nie 'n match nie. As sy my ego boost, as ek lekker voel saam met haar, nê, dan... dis daardie goed, is groot goed.

Attachment theory sê, en daar is 'n klomp variasies, dat basies het jy ouers gehad wat nie vir al jou behoeftes kon voorsien deur al die fases van jou opvoeding nie, en dis die waarheid. Daar is geen volmaakte opvoeding nie, so êrens het jy seergekry, en jy soek nou na genesing. Op 'n onbewustelike vlak soek jy iemand wat jou kan liefhê en daardie verwonding wat jy meegemaak het as 'n kind, om jou te heel, byvoorbeeld jy het grootgeword op 'n fase wat jy moes uitwaag in jou eie identiteit 'n ma gehad wat heeltyd, nee moenie, jy kan nie in daardie kamer gaan nie, ek sal saam met jou party toe gaan, en sy het jou heeltemal verwurg en jy kon nie spasie kry nie.

Daardie mense word isoleerders in 'n verhouding, moenie naby my kom nie, so hulle soek die heeltyd. Hulle het baie spasie, individualiteit, vryheid, moenie so in my nek blaas nie, want dis hoe hulle grootgeword het, en daar het hulle seergekry, en iets daarvan... 'n kind aan die ander kant, fusers, het weer geen aandag gekry nie, die pa, nee, ek is besig, man, en hy moes aandag kry.

Hulle bel my elke 10 minute. Waar is jy nou? Wat doen jy nou? Moenie aan my... wat so... man... Wat is jy so jaloers op my? Nee, ek is nie jaloers nie, ek wil net hoor hoe gaan dit met jou. Nee, jy jok. Jy check op op my die heeltyd, nê. Dis die fusers. Hulle neem weer jou lewe en jou spasie...

Ons het seergekry op baie maniere in ons emosies, en die huwelik gaan eintlik om op 'n onbewustelike vlak word jy aangetrek na jou ouers toe, en veral die ouer wat jou verwond het, en wil jy probeer om closure te bring en om hierdie ding reg te maak in jou lewe, daardie liefde te kry wat jy nooit kon kry nie.

Die Bybel kom en sê nie vir ons baie duidelik presies hoekom nie, maar hy sê net vir ons God het ons so gemaak. In die boek oor die begin waar alles vandaan kom kry ons die verhaal. Daar is 'n Skepper God wat gekyk het en gesê het dis nie goed dat die mens alleen is nie en toe maak Hy vir hom 'n hulp wat by hom pas, jy weet, Hy skep hom as 'n seksuele wese ook en Hy sê die begeerte sal daar wees na mekaar, en die woord wat Hy vir hulp gebruik is 'n baie interessante woord, dis spieëlbeeld, spieëlbeeld.

Nou, as jy in 'n spieël kyk, wat gebeur? Jy herken jouself. Is dit nie 'n interessante ding nie? Ek ken jou al so lankal, ek ken jou, as ek in die spieël kyk, dis my hulp hierdie, maar as jy mooi kyk in die spieël dan sal jy sien die spieël is eintlik jou teenoorgestelde. Ek weet nie of jy al gesien het nie, as jy in die spieël kyk en jy knip jou


**© 2011 Mosaïek**

regteroog, het jy gesien die ou in die spieël knip sy linkeroog? Hy kyk na jou, dis sy linkeroog. Hy knip sy linkeroog vir jou, dis my regteroog. Het jy dit al...?

Dis presies jou teenoorgestelde, dit is nie presies jy daardie nie, en dit is hierdie, ek wil amper sê metafoor, jy weet, hierdie beeld wat hier gebruik word dat dit is hoe dit gaan wees, iets van hierdie dinamika, en dan skakel Hy dadelik oor en dan sê Hy jy sal vader en moeder verlaat, maar Adam en Eva het nie 'n pa en 'n ma gehad nie, en Paulus sluit daarby aan in Efesiërs 5, dan sê hy dis 'n misterie wat ek julle meedeel en hierdie misterie is groot, dan God is met ander woorde op een of ander manier involved in hierdie hele proses, en dis 'n groot misterie wat hier plaasvind en hoekom hierdie goed plaasvind.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

So alhoewel baie van daardie modelle vir ons insig kan gee en waarde kan hê, en vir ons... is dit nie die volledige prentjie nie. 'n Probleem met al daardie idees oor hoekom dit met ons gebeur beteken dan dat indien dit nie uitwerk nie was dit die verkeerde maat en dan moet ek 'n ander maat kry vir wie dit vir my kan uitwerk, so wat nou? Romantiese liefde. Wat sê die Bybel, wat moet ek doen? Wat... waaroor gaan hierdie hele ervaring en dit wat gebeur met ons?

Wel, in die eerste plek sê die Bybel dat ons moet onderskei. Paulus sê in Filippense 1:9 use your head and test your feelings so that your love can be sincere and intelligent. Liefde is nie net 'n gevoel nie; dis nie net 'n passie nie, en jy kan nie net onvoorwaardelik aan iets toegee wat jy skielik begin te voel nie. Jy moet ook denke by dit inbring sodat jou liefde sincere kan wees en jou liefde intelligent kan wees. Romeine 12:2: onderskei wat is die wil van die Here. Dit beteken dat indien dit met jou gebeur dit nie noodwendig iets is wat van die Here af kom nie.

Dit klink so eenvoudig. Dit klink so eenvoudig. Toe ek daaroor dink toe dink ek, maar dit is so 'n groot waarheid wat so misgekyk word. Ek onthou een van my eerste groot ontnugteringe in die kerk was as 'n student toe die pastoor, wat 'n doktorsgraad in Grieks het, help aan Bybel vertaling, 'n intelligente mens, 'n wonderlike prediker, skielik een dag verklaar dat die Here vir hom gewys het dat iemand anderster sy vrou nou moet wees, en obviously, hy het verlief geraak op iemand anders, en ek kan nie glo...

Jy weet, ek onthou toe iemand hom konfronteer en sê maar dis dan teen die Bybel, toe sê hy, maar God het vir Abraham gesê gaan maak jou kind dood. Dis teen die Tien Gebooie, jy mag nie iemand doodmaak nie. God het my gelei. Dis 'n powerful ding wat met jou gebeur wanneer jy verlief raak. Konings het al koninkryke opgegee, mans gee hulle werk en besigheid prys, hulle los hulle kinders, verwond hulle kinders.

Dit is iets wat so groot, so eg vir jou kan wees as dit met jou gebeur, maar die boodskap van die Bybel is... en jy moet verstaan die Bybel, en veral die Nuwe Testament, maak nie iets groots daarvan nie, en natuurlik voel baie mense maar dis nie reg nie, dit kan nie so wees nie, hoekom hierdie conspiracies, maar Jesus was verlief, Jesus het 'n vrou in die geheim gevat, huh? Hoekom is dit so belangrik vir mense? Hoekom gaan hulle so tekere daaroor? Dit moet so wees, want hulle voel dan kan dit, hierdie soort liefde, 'n ander... ons kan anderster kyk na hierdie liefde.

Hierdie liefde is baie anderster, dis belangrike liefde hierdie. Die Bybel sê alhoewel dit deel kan wees, dis 'n aspek van liefde, dis nie liefde nie. Dis nie die kern, dis nie die hart van liefde nie, al is dit hoe powerful. Mense sê as dit so reg voel dan kan dit mos nie verkeerd wees nie. Dit is van God af. Nie noodwendig nie. Dis deel van hierdie hele misterie, jy verstaan? Wat met jou gebeur is 'n misterie, en nog steeds moet daar onderskei word.

Die interessante ding is dat jy nie... jy het nie 'n keuse op wie jy verlief raak nie, en dit gebeur met almal. Dit gebeur met jong mense, en kyk nou, hier is die... hier was my skok, ek weet nie hoekom nie, ek het gedink êrens hier van 50 af begin 'n ou maturity kry en dan begin jy aseksueel te raak, dan maak hierdie goed nie meer saak nie, hierdie kinder goed maak nie meer saak im jou lewe nie, tot ek huisbesoek doen in die ouetehuis. Jitte, maar is die mense woelig daarso!

Dit gebeur met jou op 80, dit gebeur met jou op agt, lyk my, al, en dis 'n powerful ding wat met jou gebeur. Dit gebeur met jou, of jy getroud is en of jy ongetroud is. Moenie dink omdat jy getroud is dit kan nie met jou gebeur nie. Dit gebeur met uiterse rasionele linkerbrein mense. Kyk, hulle is die gevaarlikste. Gewoonlik is dit hulle wat so koel, koel in die huwelik ingaan en alles word so berekend, en hy is nie eintlik verlief nie, en dan later slaan hy 'n midlife en dan raak hy vir die eerste keer in sy lewe verlief.

Hulle is die ouens wie se koppe hulle heeltemal los, want hy was net... dis asof hy emosioneel dood was, nooit daar was nie, en skielik neem dit oor in sy lewe, so dit is uiters belangrik om... use your head and test your


**© 2011 Mosaïek**

mosaiek

daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

feelings. Is hierdie ding wat met my gebeur, is dit goed? Is dit goed? Is dit God se wil vir my? Die feit dat dit gebeur beteken nie dis God se wil nie, en dan het jy keuses wat jy kan maak, want dis Bybelse liefde. Agape is 'n keuse. Jy moet besluit wat jy gaan doen hiermee.

Ek weet van 'n psigiater wat geweldig konfronterend en in your face is. Hy sê natuurlik verlief wees is glad nie liefde nie, dis 'n illusie waarin ons opgeneem word, en dis baie sleg. Hy is baie teen dit, so hy konfronteer pasiënte wat wou selfmoord pleeg byvoorbeeld, of 'n poging aangewend het as gevolg van 'n liefdesteleurstelling. Kyk, gewoonlik sê daardie persoon ek kan nie sonder daardie persoon lewe nie, ek sien nie kans nie, en dan sê hy verduidelik vir my, en sy sê want ek is lief vir daardie persoon dan sê hy dis nie liefde nie. Jy beskryf 'n parasiet, jy beskryf nie liefde nie.

Liefde is vry, liefde en power waarvan jy praat is 'n parasiet. Ek moet [slurp] sodat ek kan lewe, anderster kan ek nie lewe nie. Jy moet iets anderster kry, so jy het keuses wat jy kan maak, en dit neem nie die feit weg dat dit ongelooflik moeilik kan wees en baie seer kan wees nie, en hier is die grootste realiteit was dikwels uit die oog verloor word, en dit is dit gaan nie vir altyd hou nie, en dis deel van die misterie. Hoekom beleef 'n mens so iets en dan gaan dit weg? Hoekom? Hoekom het die Here ons nie so gemaak dat ons altyd so kan voel nie? Dis mos ongelooflik lekker om so te voel.

Iemand... kyk, iemand het gesê dit is so naby aan die vrug van die gees van blydskap as wat jy kan kry, om verlief te wees. Nee, dit is nie. God het ons so gemaak. Hy het ons liggame so gemaak dat jou brein gaan ophou, hy gaan nie aanhou om hierdie goed te produseer nie, so daar is van ons wat weier om dit te aanvaar. Liz Taylor: wat is die lewe as jy nie verlief kan wees nie? Dis haar motto. Sy het hom geleef, voluit. Hierso ek dink nommer agt of nege toe groet sy, maar dit was 'n volledige... ek moet verlief wees. My hele lewe moet ek... as ek nie verlief is nie, wat is die lewe dan? Dis die ultimate lewe.

Die Bybel sê nee, nee. Party van ons gaan dit dalk nie eers ervaar in ons lewe nie, en weet jy wat, jy mis nie. Die nie die einde van jou lewe nie. Dit gaan nie vir altyd bly nie, want wat gebeur? Jou ego grense snap terug. Soos die outjie wat van die dak af spring, jy weet, jy spring van die dak af. Skielik kry jy te doen... sy verander. Sy het skielik hierdie expectancy van my. Jy het ook verwagtinge. Dis nooit met mekaar gedeel nie, maar ek het net gedink as ek in die aand moeg by die huis kom dan gaan hier darem 'n kossie wees by die huis.

Sy sê vir hom, wat, ek werk ook. Ek het weer gedink as ons in die aand by die huis kom dan vat jy my uit vir ete. Ja, maar ons budget. Ons kan nie sommer net elke aand... ja, maar ons hoef nie groot... ja maar... ons verwagtinge kom net nie oor... kyk, dan begin daardie ego boundaries 'n bietjie... jy spandeer 'n middag met jou skoonma. Snap, terug is die ego boundaries, in plek, huh, en dan die eerste ding is wat het jy... o, jy het so verander. Jy het so verander. Jy is heeltemal 'n ander mens. Ek kan nie glo nie.

Dis 'n interessante regressie wat in die verhouding plaasvind, nê, dan net... jy gaan terug na jou baba fase toe. Dit is ook 'n regressie breinfunksionering-gewys. Jy verlaat die voorste gedeelte, hulle raak baie onaktief, en jy gaan hier na jou breinstam toe, reptilian, en primêr reageer jy... is veg en vlug en freeze, nê, dit kom hier agter uit jou reptilian uit, so jy dink toe jy 'n kind was het jy lelik gemaak met jou ma dan is sy vreeslik nice met jou. Whê... ag siestog, nê.

Jy is lelik met haar, jy skreeu, jy skop, dan is sy nice... dan word sy nice met jou, nou dink jy reptilian, jy regresseer. Jy doen dieselfde in die huwelik. Nou skreeu ek op hom. Ek is kwaad vir hom. Jy is die ongeskikste, lelikste... en wat dink jy? Nou dink jy hy gaan soos ma... haai, jy is so reg, liefie, nou verstaan ek, jy weet. No way! Hy gaan nie dit doen nie, maar jy... ek... maar hoekom doen jy... hoekom is jy so lelik met hom as jy wil hê hy moet nice word, huh? Jy regresseer. Jy weet dit nie eers nie.

Nog 'n manier van regresseer is jy sê nie vir jou ma wat jy nodig het nie, sy moet intuïtief weet. Sy moet kyk, sy moet uitvind, hy is honger, sy doek is nat, jy weet, sy moet weet, jy sê nie. Sy is nie lief vir my nie, jy weet. In huweliksterapie: het jy al vir hom gesê wat jy nodig het? Ek is al tien jaar getroud. As hy nou nie weet nie sal hy nooit weet nie. Ek... soos nou... ek is terug in die cot, mamma, ek weet... gaan vir jou sê nie, maar jy moet weet, huh.

Die fight word dieselfde fight. Dis dieselfde tema, dieselfde woorde, dieselfde clichés. Jy kan al op autopilot gaan. Kloee, ek dink aan ander goed. Ek speel golf hier in my kop. Nja nja nja, nja nja nja, nja nja nja, neaaw, ho-uu, daar is hy verby. Dis regresseer. Jy gebruik woorde soos altyd, nooit. Dit bly nie. Die brein wil nie meer aanhou om daardie lekker hormones af te skei nie. Jy voel nie meer lekker nie, en ek dink hy het jou 'n onguns gedoen,


**© 2011 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

soos enige iets, soos hoë adrenalien. As jy hoë adrenalien het, jis jong, jy jaag en jy gaan... en raai wat gebeur na hoë adrenalien. 'n Lekker downer. Ugh, jy voel so pap na... dis hoe jy... dan moet jy weer herstel.

Jy is hierdie... jy het die intense liefdesperiode, nou slaan jy nog 'n down ook, en dan snap die ego ook, en nou sit jy. Wat nou? Nou is dit magstryd, nou bargain ons met mekaar. As jy dit doen dan sal ek doen. Ongelukkig, baie huweliksterapie is op daardie level, nê. Help ons net om ooreenkomste te bereik. As jy nie so laat by die huis kom nie dan gaan my kop dalk nie seer wees nie, en so help ons mekaar, jy weet, en op een of ander manier, dit werk nie, want die probleem is nie die... die probleem is nie ons is stupid genoeg... 'n huwelik is nie 'n ooreenkoms nie, dis nie 'n kontrak nie, dis organies, 'n verhouding wat glad nie staties is nie.

Ongelukkig begin jy daarna te dink dis staties, niks kan verander nie. Jy raak depressief in hierdie magstryd want hy kan nie uitgesort word op daardie level nie. Jy spreek die simptome aan, jy werk nie met die oorsaak nie. Jy weet nie eintlik wat is aan die gang nie, en natuurlik in die depressie besluit baie ouens om te quit. Ander ouens begin golf speel, 'n paralelle huwelik.

Ek het nog nie gehoor van 'n ou wat fiets begin ry het nie, maar golf is baie populêr, en dan doen jy baie ander goed waarin jou affection, jou energy, jou bewondering en al daardie energie sit jy in iets anderster in, of daar is mense wat in die deperssie en in die pyn 'n ontwaking het, 'n bekering het, 'n diepe bewussyn wat ontwikkel dat ek is nie okay nie, jy weet, ek is stukkend. Die wêreld draai nie om my nie.

Die Bybel noem dit metanoia, is die Griekse woord. Dit is bekering. Dit is om jou gedagtes te verander oor jouself, oor God, oor die wêreld. Dis bekering, en dit is dan ook 'n diepe vernedering vir jou om te besef, maar ek is sondig en ek is stukkend, ek is so selfsugtig, Here, help my, en ook vir jou maat te sê vergewe my, die besef in jou te kry she's also not okay, but that's okay.

Ek het die boeke gelees I'm Okay, You're Okay. As ek een moes skryf sou ek... I'm Not Okay, You're Not Okay, But That's Okay. Dis okay, en ek is nie hier vir... jy is nie hier vir my nie; ons is hier vir mekaar. Ons is hier vir die Here. Vergewe my. Vergewe my dat ek van jou verwag jy moet die Here wees in my lewe, in al my diep behoeftes vervul, die behoeftes wat ek self nie eers mooi lekker verstaan of ek weet nie eers mooi wat dit is nie. Ek staan net eensaam op, ek staan net met 'n diep verlange in my, ek voel net leeg, en nou druk ek jou dat jy dit moet vervul.

Vergewe my, en ek vergewe jou. Ek weet jy kan ook nie. Weet julle wat beskryf... dis liefde. Die liefde aanvaar. Dit is die groot transisie te maak in jou lewe, om te sê nou raak ek 'n volgeling van Jesus en ek stap die pad van liefde. Ek maak 'n commitment aan jou vir jou groei en jou ontwikkeling as 'n mens. Dis waaroor dit gaan. Dis 'n ander lewe, en dis wat die Bybel primêr... daarop lê die Bybel 90% van sy klem, agape... agape. Manne, vroue, julle moet agape, agape, agape. Dis 'n nuwe lewe waarin jy begin stap, 'n commitment waarin jy begin maak.

Ek weet nie waar jy vanmôre is nie. Miskien is jy op 'n plek waar jy diep pyn het. Dis baie seer, dit het opgebreek. Jy is dalk op 'n plek waar jy idealiseer, jy verlang, jy soek so, en vanmôre word jy dalk gevra om daardie illusie, droom waarmee jy sit te laat gaan en nou te lewe. Dalk is jy nou so dankbaar, so bly. Dalk is jy dankbaar en bly.

Dalk is jou lewe baie gekompliseerd, jy is in 'n affair, jy het verlief geraak op iemand, jy leef 'n dubbel lewe, dis besig om jou dood te maak. Die Here sê nooi my in. Jy weet, kan ons die Here vertrou met ons geld? Kan ons die Here vertrou met ons liefde, met ons liefdeslewe, of is die Here daar net vir ons dood, vir die hemel, of is hy hier vir ons, nou, met wat nou in ons lewens aan die gang is?

Kom ons doen 'n gebed saam. Hemelse Vader, dankie dat ons hier kan wees. Dankie dat U in ons midde is. Laat U wil geskied. U weet waar elkeen van ons vanmôre is. Ontmoet ons, Here, help ons in ons pyn, help ons in ons verlange, help ons in ons chaos, in ons deurmekaarwees. Gee vir ons krag, genees ons, vat ons in die lewe wat U vir ons bedoel en wat U vir ons bestem, in Jesus se naam, amen.

As jy vanmôre nou net 'n paar oomblikke 'n behoefte het, as jy wil bid, daar is kerse wat jy kan opsteek. Hier voor sal mense wees as jy wil hê iemand moet saam met jou bid. Miskien moet jy iets laat gaan. Miskien wil jy net huil. Miskien sê jy net dankie vanoggend. As jy daardie behoefte het is jy welkom om nou na vore te kom en gebruik te maak van dit wat hier voor is. Die Here seën jou.


**© 2011 Mosaïek**